



**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2022**

GRAAD 9 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	<i>Josua 5-7</i>
Nuwe Testament	<i>Luk 4-5</i>
Les	<i>Les 1 – 9</i>

Afdeling A – Josua 5-7

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Wie moes die kinders van Israel vir die tweede keer besny? (Jos 5:2)
a) Die profeet b) Die priester c) Josua d) Moses
- 1.2 Hoe lank het dit Israel geneem om deur die woestyn te trek? (Jos 5:6)
a) 7 Jaar b) 40 dae c) 40 jaar d) 3 dae
- 1.3 Wat is die plek genoem waar hulle besny is? (Jos 5:9)
a) Jerigo b) Gilgal c) Kanaan d) Jerusalem
- 1.4 Op die hoeveelste dag het hulle die pasga gehou? (Jos 5 :10)
a) sewende dag b) eerste dag c) veertiende dag d) derde dag
- 1.5 Wat het die onbekende man in sy handgestaan voor Josua? (Jos 5:13)
a) 'n swaard b) 'n brood c) 'n mantel d) niks
- 1.6 Water stad sou die Here vir Josua in sy hand gee? (Jos 6:2)
a) Jerusalem b) Jerigo c) Gilgal d) Dan
- 1.7 Vir ses dae moet hulle _____ maal om die stad trek. (Jos 6:3)
a) ses b) drie c) sewe d) een
- 1.8 Sewe priesters moes sewe _____ dra. (Jos 6:4)
a) kandelare b) swaarde c) ramshorings d) stokke
- 1.9 Josua was die seun van _____ (Jos 6:6)
a) Nun b) Abraham c) Moses d) Aäron
- 1.10? Wie moes hulle spaar in die stad? (Jos 6:17)
a) die koning b) Ragab c) al die kinders d) al die vroue

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

ongeluk; boodskappers; toorn; Israel; Josua; afgewend; ark; tent, silwer; gestenig

- 2.1 **Jos 6:12** En **A** het die môre vroeg klaargemaak, en die priesters het die **B** van die Here gedra;
- 2.2 **Jos 7:22** Toe Josua dan **C** stuur en hulle na die tent loop, lê dit daar begrawe in sy **D** en die **E** daaronder.
- 2.3 **Jos 7:25** En Josua het gesê: Hoe het jy ons in die **F** gestort! Daarop het die hele **G** hom **H**
- 2.4 **Jos 7: 26** Daarop het die Here Hom **I** van die gloed van sy **J**

Vraag 3 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Al die krygsmanne het op pad in die woestyn gesterf. (Jos 5:4).
- 3.2 Hulle het tydens pasga ongesuurde brood en gebraaide koring geëet (Jos 5:11)
- 3.3 Die verbondsark mag nie saam om die stad gedra word nie (Jos 5:6)
- 3.4 Maar op die sewende dag moes hulle drie maal om die stad loop (Jos 6:15)
- 3.5 Al die silwer en goud en koper-en ystervoorwerpe moes by die skat van die Here kom en nie met die banvloek getref word nie (Jos 6:19)
- 3.6 Toe die volk skree het die muur op sy plek ingeval. (Jos 6:20)
- 3.7 Ragab en almal wat aan haar behoort is gespaar en uit die stad gebring. (Jos 6:23)
- 3.8 Die skuldige wat oortree het is met die lot aangewys. (Jos 7:14)
- 3.9 Josua is deur die lot aangewys as die skuldige (Jos 7:18)
- 3.10 Hy het die goed wat hy geneem het buite die laer gaan wegsteek (Jos 7:21)

Vraag 4 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 4.1 Toe die konigs van die Amoriëte en Kanaäniete hoor dat die Here _____ het hulle hulle hart versmelt en het bang geword vir Israel. (Jos 5:1)
- 4.2 Waarvan het die Here gesweer sou die beloofde land oorloop? (Jos 5:6)
- 4.3 Wie moes vir Ragab gaan haal en uitbring uit die stad? (Jos 6:22)
- 4.4 Watter stad moes hulle volgende gaan verken? (Jos 7:2)
- 4.5 Wat het Josua gedoen toe hy hoor dat Israel verslaan is? (Jos 7:6)

35 Punte

Afdeling B – Luk 4-5

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer vanaf die _____. (Lk. 4:1)
a) Jordaan b) Nyl c) see van Galilea d) Rooi see
- 5.2 Die _____ het Christus die woestyn ingelei. (Lk. 4:1)
a) Gees b) wind c) stof d) dissipels
- 5.3 Hoe lank was Christus deur die duiwel versoek in die woestyn? (Lk. 4:2)
a) 10 dae b) 20 dae c) 30 dae d) 40 dae
- 5.4 Voltooi: Die Here jou God moet jy _____ en Hom alleen dien. (Lk. 4:8)
a) soek b) aanroep c) aanbid d) vind
- 5.5 Op watter gebou se dak in Jerusalem het die duiwel vir Jesus versoek? (Lk. 4:9)
a) die hoëpriester se huis b) die Sinagoge c) die Tempel d) die huis van Jesus
- 5.6 Jesus het op die sabbatdag in die sinagoge in Nasaret opgestaan om te _____. (Lk. 4:16)
a) bid b) praat c) lees d) stry
- 5.7 Die Jode het op die sabbat Jesus uit Nasaret uitgedryf en wou Hom van die _____ afgooi. (Lk. 4:29)
a) krans b) berg c) huis se dak d) die eerste plek wat hulle kon kry
- 5.8 Jesus het die skare by Gennesaret vanuit die _____ geleer. (Lk. 5:3)
a) Bybel b) skuit c) evangelie d) Ou Testament
- 5.9 Wat het gebeur toe Petrus die net weer laat sak het na die nag se vangs op grond van Jesus se opdrag? (Lk. 5:5-8)
a) niks het gebeur nie b) daar was baie vis in die net
c) hy het 'n paar visse gevang d) Hy het een vis gevang
- 5.10 Wat het die mense gedoen met die verlamde man wat op sy bed was. (Lk. 5:19)
a) hulle het hom deur die dak afgesak b) hulle het hom gedra
c) hulle het gewag dat Jesus na hulle kom d) hulle het opgegee

Vraag 6 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

evangelie, blindes, gebroke, gevangenes, gesag, profeet, vaderland, sabbat, Kapernaum, verbryseld

- 6.1 **Lukas 4:18-19** ...Hy het My gestuur om die wat **A** van hart is, te genees; om aan **B** vrylating te verkondig en aan **C** herstel van gesig; om die wat **D** is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.
- 6.2 **Lukas 4:24** ...Voorwaar Ek sê vir julle geen **E** is aangenaam in sy **F** .
- 6.3 **Lukas 4:31** ...Hy het afgekom na **G**, 'n stad van Galilea, en hulle op die **H** geleer. En hulle was verslae oor sy leer, want sy woord was met **I**.
- 6.4 **Lukas 4:43** ...Ek moet aan die ander stede ook die **J** van die koninkryk van God bring, want daarvoor is Ek gestuur.

Vraag 7 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Die Fariseërs het gereken dat Jesus laster toe Hy sê dat die verlamde man se sonde is vergewe. (Lk. 5:21)
- 7.2 Jesus het die tollenaar Levi geroep en Levi het Hom gevolg en 'n maaltyd berei. (Lk. 5:27-29)
- 7.3 Jesus het gesê dat die wat gesond is het nie 'n geneesheer nodig nie. (Lk. 5:31)
- 7.4 Jesus het gesê dat die bruilofsgaste vas nie solank die bruidegom by hulle is nie. (Lk. 5:34)
- 7.5 Jesus het tydens sy versoeking deur die duiwel gesê dat jy nie een God alleen hoef te dien nie. (Lk. 4:8)
- 7.6 Jesus het in die Sinagoge in Nasaret gelees vanuit die profeet Jesaja. (Lk. 4:17)
- 7.7 Almal in die Sinagoge was verwonderd oor die aangename woorde wat Hy gespreek het. (Lk. 4:22)
- 7.8 In die Sinagoge in Kapernaum was daar 'n man met die gees van 'n onreine duiwel. (Lk. 4:33)
- 7.9 Jesus het die koors van Simon se skoonmoeder bestraf en sy het gesond geword. (Lk. 4:39)
- 7.10 Die duiwels wat die mense verlaat het, het geskreeu: U is die Christus, die Seun van God. (Lk. 4:41)

Vraag 8 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 8.1 Wie het Jesus in die woestyn versoek? (Lk. 4:2)
- 8.2 Hoeveel versoekings het Jesus suksesvol weerstaan? (Lk. 4:3-12)
- 8.3 Wat is Jesus se aardse vader se naam? (Lk. 4:22)
- 8.4 Wat het Jesus gedoen met die mense wat deur duiwels besete was? (Lk. 4:35, 41)
- 8.5 Was die mense bly toe Jesus Kapernaum wou verlaat? Ja of Nee (Lk. 4:42)

35 Punte

Afdeling C – Les 1-9

Vraag 9 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 9.1 Ek is van nature geneig om God te haat. (Les 1)
- 9.2 Elke kind van God het die Heilige Gees ontvang. (Les 2)
- 9.3 Die Heilige Gees is net Sondae tydens die erediens by my. (Les 3)
- 9.4 Die liggaam van Christus is die gebou waarin ons kerk hou. (Les 4)
- 9.5 Ek kan verdien om uitgekies te wees deur 'n voorbeeldige lewe te lewe. (Les 5)
- 9.6 Nie alle mense sal gered word nie. (Les 6)
- 9.7 Jy kan enige tyd na God gaan met jou sonde. (Les 7)
- 9.8 Omdat Jesus uit die dood opgestaan het, sal al die gelowiges ook. (Les 8)
- 9.9 As ek in die Here Jesus glo, het ek al klaar toegang tot die ewige lewe. (Les 9)
- 9.10 Al is ek Jesus se kind, kan ek nog verlore gaan. (Les 9)

Vraag 10 **Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:**

liggaamlik, liggaam, Middelaar, bestem, brugbouer, uitverkies, gelowiges, erfgenaam, twyfel, altyd

- 10.1 Die Here Jesus Christus is ons enigste **A** . (Les 1)
- 10.2 Die Heilige Gees word soms 'n **B** genoem. (Les 2)
- 10.3 Die Heilige Gees is **C** by jou. (Les 3)
- 10.4 Die kerk word soms ook die **D** van Christus genoem. (Les 4)
- 10.5 **E** vorm saam die kerk van Jesus Christus. (Les 4)
- 10.6 Die Woord sê dat God party mense **F** en ander in hulle sondige toestand laat bly. (Les 5)
- 10.7 Verordineer beteken ook **G** vir. (Les 6)
- 10.8 As kind van God is ek ook sy **H** . (Les 7)
- 10.9 Die Here Jesus het **I** uit die dood opgestaan. (Les 8)
- 10.10 Die duiwel wil graag hê jy moet **J** of jy die ewige lewe het. (Les 9)

Vraag 11 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 11.1 Wat is nodig om die ewige lewe te ontvang? (Les 1)
- 11.2 Wanneer is die Gees aan die kerk van Jesus Christus gegee? (Les 2)
- 11.3 Wie is die Trooster? (Les 3)
- 11.4 Hoe weet ons of 'n kerkgroep reg is of nie? (Les 4)
- 11.5 Wie verdien almal om uitverkies te word? (Les 5)
- 11.6 Kan ek maar sonde doen want ek is mos uitverkies? (Les 6)
- 11.7 Wat doen die Here met jou as jy jou sonde aan Hom bely? (Les 7)
- 11.8 By die dood vind daar 'n skeiding tussen die twee dele van die mens plaas. Wat is die twee dele? (Les 8) (2)
- 11.9 Wanneer het jy die ewige lewe gekry? (Les 9)

30 Punte

Totaal: 100 Punte